
BOSVELD REVIEW
25 Jul 2014, p.4

# KOLLIG

Koos de Wet

# Inligtingsplatforms kan jou help met finansies



EK probeer in hierdie rubriek telkens om die kollig op finansiële aspekte te plaas en af te wissel tussen die verskillende behoeftes wat by mense bestaan.

Vandag wil ek graag die aandag vestig op 'n aspek wat jy sal kan waardeer, indien jy van die internet gebruik maak of van plan is om wel daarvan gebruik te maak. 'n Finansiële eenstop liasseer- en advieskabinet is tot jou beskikking - veral as jy alreeds items soos beleggings, polisse, trusts, testamente, ander bates en so meer het en wil konsolideer.

**Die beskikbaarheid van omvattende inligtingsplatvorms bestaan en kan die volgende bied:**

- 'n Liasseringstelsel vir al jou finansiële (en ander) dokumente.
- 'n "Smartphone" en "Tablet" applikasie.
- Alle inligting op een platvorm waar alle produkte en dienste vir jou gekonsolideer is: aftrede-beplanning, lewensversekering, korttermynversekering, aandele- en beleggingsportefeuljes, mediesefonds inligting, testamente- en boedelbeplanning (dit kan ook gebied word ten spyte van wie die onderskeie en onderliggende diensverskaffers, makelaars of fondsbestuurders is).
- Waar jy persoonlike finansiële verslae kan aflaai.
- Waar jy berekeninge kan doen en aflaai.
- Waar jy jou persoonlike profiel voortdurend kan opdateer vir korrekte en soomlose diens byvoorbeeld. wysigings op belegging of opdragte rakende jou aandeelportefeulje.
- Beskikbaar vir Apple i-Phone, sowel as Android fone en kan meestal afgelaai word vanaf Apple iStore en Google Play Store.

Jong mense veral, sal vir ons ouer garde op goeie engels sê: "*Get wired*".

Ons moet ag gee en die voordele hiervan benut, want dit maak die lewe soveel makliker.

Ons kan nou ontslae raak van die meeste leêrs en dokumentasie, en dit veilig op die rekenaar (met "*back-ups*" natuurlik) bewaar en die kabinette, kaste en laaie vir iets anders soos gereedskap, hardeware en skryfbehoeftes gebruik.

Vriendelike groete tot volgende keer.

* Koos de Wet is 'n finansiële beplanner by PSG en lid van die Fidusiêre Instituut van Suid-Afrika. Lesers kan hom kontak by (015) 491 2020 of 082 881 4672 of stuur 'n e-pos na psgk@mweb.co.za